

SKEP 'N

OASE

TE MIDDE VAN 'N FINANSIËLE
DROOGTE

INDEX

- Dieselrabatte
- Kan verminderde kosvermorsing druk op hulpbronne verlig?
- Daar is goeie nuus ook in terme van finansiële markte
- Testamentbeplanning verg insig en kennis
- Praktyknotas uitgereik deur die B-BBEE-kommissie
- Moenie oneerlik wees met jou versekeraar nie – hier's hoekom

Dieselrabatte

Dit is 'n bekende feit dat daar in die brandstofprys bepaalde heffings ingesluit is, byvoorbeeld 'n heffing vir die Padongelukkefonds wat gebruik word om slagoffers van padongelukke by te staan. Sommige sektore gebruik egter nie Suid-Afrika se padnetwerk nie, maar dit gebruik wel 'n beduidende volume diesel om aktiwiteite uit te voer. Ten einde primêre produksie in die Republiek aan te moedig en moontlik te maak, word 'n terugbetaling aangebied op die brandstof- en Padongelukkefonds-heffings op diesel en biodiesel wat as deel van sulke vervaardiging gebruik word.

Die dieselrabatstelsel verskaf 'n terugbetaling op die brandstof- en Padongelukkefonds-heffings wat betaal word op diesel deur kwalifiserende industrieë in die volgende kategorieë:

- op land;
- op see;
- hawevaartuie;
- spoorweë; en
- elektrisiteitsopwekkingsaanlegte.

Die dieselrabatstelsel word tans beheer deur die Doeane- en Aksynswet, hoewel dit geadministreer word deur die SAID deur middel van die BTW-stelsel. Die SAID stel tans ondersoek in na maniere om die administrasie van die dieselrabatstelsel te verbeter aangesien die dieselrabatstelsel nie werklik betrekking het op die BTW-stelsel nie (dit vorm nie deel van die BTW-wet nie). Die kontantvloeieffek van dieselrabat-eise word egter in die BTW-stelsel gereflekteer en eise moet dus geverifieer word.

Dit is belangrik om daarop te let dat BTW-opnames waarop dieselrabatte geëis word, teen die 25ste van die maand ingedien moet word, selfs al word die opname ingedien en betaal via E-Filing.

Enige onderneming wat geskikte aktiwiteite uitvoer en wat verpligtend of vrywillig vir BTW-doeleindes geregistreer is, mag aansoek doen vir dieselrabatregistrasie deur die toepaslike aansoekvorm te voltooi: *VAT 101D – Application for registration of diesel / biodiesel refund*.

Indien 'n persoon wat geregistreer is vir BTW bewus raak daarvan dat hy/sy daarop geregtig is om vir die dieselrabatstelsel te registreer, mag hy/sy aansoek doen vir registrasie met 'n retrospektiewe effek van tot twee voorafgaande jare vanaf die datum van die dieselregistrasie-aansoek. Diesel terugbetalings mag geëis word vir die voorafgaande tweejaar-periode op voorwaarde dat hy/sy voldoen aan die vereistes vir die eis van 'n dieselrabat (oorwig van bewyse en kwalifiserende aktiwiteite).

Sektore op land wat vir 'n terugbetaling kwalifiseer, sluit in mynbou, bosbou en landbou.

Eie primêre produksie-aktiwiteite in landbou beteken die produksie van plaasprodukte deur die verskaffer vir wins op 'n plaaseiendom en die verskaffer sal in aanmerking kom vir die dieselrabat met betrekking tot daardie aktiwiteite.

Daar is 'n volledige lys van die primêre aktiwiteite beskikbaar in die SAID-gids vir Diesel/Biodiesel-terugbetalings – dit is beskikbaar op die SAID-tuisblad. Van die aktiwiteite sluit in die groei van gewasse, die oes en stoor van gewasse op die plaaseiendom, die teel en versorging van diere en reptiele, die aankeer van lewende hawe, enige aktiwiteit wat onderneem word vir die doeleindes van grond- of waterbewaring, ens.

Dit is belangrik om daarop te let dat geen terugbetaling geëis mag word met betrekking tot vervoer op 'n nat basis nie.

Daar is bepaalde aktiwiteite wat spesifiek uitgesluit is van die eis van die rabat, byvoorbeeld waar die aard van die produk verander word sodat dit nie meer beskou kan word as 'n landbou-aktiwiteit nie, soos die verwerking van druiwe tot wyn. Die terugbetaling kan slegs geëis word indien diesel op 'n droë basis en nie op 'n nat basis nie gegee word. Dit beteken dat die boer die diesel aan 'n kontrakteur moet voorsien indien die kontrakteur byvoorbeeld die oes of vervoer namens die boer doen. Indien die kontrakteur die diesel koop en dan 'n faktuur aan die boer verskaf vir die diesel en oeskoste / vervoerkoste, kan die boer nie 'n terugbetaling eis op die diesel van die kontrakteur nie.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die rabat geëis moet word op die gebruik en nie die aankoop van diesel nie. Dit is daarom van die uiterste belang dat 'n dieselstoor-logboek en 'n diesilverbruik-logboek gehou moet word om vas te stel hoeveel van die diesel ontvang/aangekoop vir primêre boerderydoeleindes aangewend is.

Die diesilverbruik-logboek moet aandui hoeveel liter ontvang is van die stoor deur watter voertuig/masjien en die doel waarvoor dit gebruik is. Indien hierdie dokumentasie nie op aanvraag beskikbaar is nie, sal die SAID 'n aanpassing maak en boetes en rente mag gehef word.

'n Logboek moet gehou word vir elke grootmaattenk diesel (dieselstoor-logboek), asook 'n afsonderlike logboek vir elke voertuig/enjin wat diesel van die grootmaattenks gebruik/ontvang (diesilverbruik-logboek). Interpretasie van die wetgewing kan selfs sover gaan as om te vereis dat afsonderlike logboeke gehou word deur boerderyaktiwiteite. Elke tenk moet 'n logboek hê waarin die besonderhede aangeteken word van enige diesel wat uit die tenk getap word. Dit sluit in die datum, voertuigbesonderhede en die volume van die diesel. Besonderhede rakende die aankoop van diesel moet ook aangeteken word en moet insluit die faktuurdatum en –nommer, totale getal liter aangekoop, die verskaffer se naam en adres en die datum van aflewering.

Alle stawende dokumentasie rakende die rabat-eis moet gehou word vir 'n periode van vyf jaar vanaf die datum van gebruik of verwydering van die diesel/biodiesel of die terugbetalingsopname, welke een ook al laaste plaasvind.

[Voorberei deur CORE Tax. **]**
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188



Kan verminderde kosvermorsing druk op hulpbronne verlig?

Daar is 'n verskil tussen voedselverliese en kosvermorsing. Voedselvermorsing dui op voedsel wat die plaashek verlaat en nie die verbruiker bereik nie. Eersgenoemde dui op verliese tydens oes en verwerking – tot soveel as 40% gaan so verlore in ontwikkelende lande.

Dieselfde persentasie voedsel gaan weer in ontwikkelde lande verlore omdat dit ongeëet in asblikke van huishoudings, eetplekke en die handel beland. Tot een derde van alle voedsel gaan so verlore – 'n geraamde 1.3 miljard ton eetbare kos, of meer as die helfte van die wêreld se graanproduksie. Vir Europa en Noord-Amerika word dié verliese geraam op 95 tot 116kg per kapita en Suid- en Suid-Oos-Asië en Afrika suid van die Sahara beland 6 tot 11kg per kapita ongeëet in asblikke. Vermorsing in Amerika alleen beloop \$218 miljard of 1,3% van die BBP en 'n geraamde 1.4 miljard hektaar se kosproduksie is wêreldwyd in gedrang. Dit is meer as die landoppervlakte van China. Anders gestel, beteken dit dat 30% van die landoppervlakte wat tans vir kosproduksie aangewend word, se produkte nooit die verbruiker bereik nie.

'n Geraamde 2 miljard ondervoede mense kan met verliese van die omvang gevoed word, maar nog belangriker is dat daar vir elke 20%-besparing aan verliese 'n bykomende 870 miljoen honger mense kos gegee kan word. As verliese in Latyns-Amerika en Afrika bekamp kan word, kan 'n bykomende 600 miljoen mense kos kry, aldus die FAO. Daar is dus baie werk deur voor Afrika se eie deur te begin vee, maar so 'n strewe kom ook met 'n waarskuwing ten opsigte van perspektief. Die kosverliese wat verminder word, moet altyd meer werd wees as die koste om dit te verminder en hierin faal baie goed bedoelende hulporganisasies dalk.

Produkte wat die plaashek verlaat, word omvorm tot verbuikbare kommoditeite deur middel van 'n legio dienste en produkte wat in dié proses aangewend word. Die sogenaamde bemarkingsmarge verduidelik die verskil tussen plaashekprys en verbruikersprys en namate verbruikers se behoefte verander, word meer en meer waarde toegevoeg in die waardeketting. Die verskil bestaan uit koste en wins, want enige verwerking is geregtig op regmatige vergoeding. In die meeste gevalle is boere prysnemers en is die vraag na sy produkte 'n afgeleide.

Die Nasionale Bemarkingsraad publiseer gereeld verslae oor die verloop van die bemarkingsmarge en die produsente-aandeel in die verbruikersrand. Gewoonlik daal laasgenoemde namate die sofistikasie van die verbruik toeneem. Meer toegevoegde waarde word verkoop in die finale vraag-produk as die plaas-ekwiwalent van die betrokke produk. Die jongste ontledings van die Bemarkingsraad dui op die impak van die huidige veranderings op plaasvlak. Wat graad A2/A3-lam betref, het die plaaswaarde toegeneem tot meer as 82% in April vanjaar. Die bemarkingsmarge was in April vanjaar gemiddeld R13.31 per kg of bykans 29% meer as in Februarie 2017. Dié tendens dui op die mate wat die handel die styging in plaashekpryse absorbeer het, want die mark sal nie die huidige plaashekpryse kan bekostig sou normale marges in die handel geld nie. In die geval van graad A2/A3-beesvleis, was produsente slegter daarna toe as in die geval van lam, want die plaaswaarde van wat die verbruiker betaal, is in April vanjaar geraam op net minder as R60, wat beteken dat die marge van Februarie tot April 2017 met amper 3% tot R30.78 afgeneem het. Die plaaswaarde van die finale vraag-produk het egter met 4.3% toegeneem oor dieselfde tydperk.

Wat die verbruik van mielies betref, is daar baie goeie nuus. Die bemarkingsmarge van 5kg Super-mieliemeel het van R4141 per ton in Februarie afgeneem tot net meer as R3000 per ton. Die plaaswaarde was net minder as 55% in Februarie, maar het toegeneem tot amper 65% in April, met geringe toename in die marge vir die jaar tot April 2017. Die skerp daling in die bemarkingsmarge is die gevolg van dalende plaashekpryse, maar die persentuele styging in die plaaswaarde dui daarop dat die handel self die impak van dalende plaashekpryse absorbeer. Dit kan produsente help om die impak van die rekord-oes op hande op plaaspryse te versag, maar dit sal bepaald nie volhoubaar wees uit die oogpunt van die verwerkers nie.

Hoewel pryse belangrik is by keuse van verbruik, is ontsag vir die produk in terme van oorsprong en koste binne die hele waardeketting noodsaaklik. Verbruikers sal tot 'n groter mate moet pa staan om nie te mors met kos nie en behoort daarop aan te dring dat dieselfde respek nodig is in die prosesse betrokke van plaashek tot winkelrak.

**[Voorberei deur CORE Business Development.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**

Daar is goeie nuus ook in terme van finansiële markte

Die plaaslike aandelemarkt het verder grond gewen in April op die rug van die skerp stygings in industriële rand-verskanste aandele. Die industriële sektor op die JSE het 6% gegroei, en Naspers was verantwoordelik vir ongeveer die helfte hiervan met sterk groei in Tencent. Die JSE Alle-aandele-indeks het op 3.6% vir die maand geëindig. Verdienste oor die mark heen was plat. Dit beteken dat die afgelope 12 maande se PE (prys-tot-verdienste) marginaal tot 20.2 gestyg het.

Die groei in internasionale markte het in April voortgeduur, met die meeste globale aandelemarkte wat groei getoon het. Die MSCI Alle-lande-indeks het 1.6% vir die maand gestyg en is nou op 8.6% vir die jaar tot op datum. Internasionale aandelemarkte het opwaarts geneig ten spyte van dreigemente van militêre aksie tussen Amerika en Noord-Korea en kommer rakende die verkiesing in Frankryk. In die Amerikaanse mark het die NASDAQ sy sesde opeenvolgende maandelikse styging aangeteken, met die indeks wat ook 'n nuwe mylpaal bereik het deur vir die eerste keer bo die 6000-vlak te verhandel. Oor die algemeen is waardasies nie goedkoop nie, maar is afhanklik van rentekoerse wat laag bly en die voortsetting van 'n gunstige monetêre beleid.

Gelyste eiendomsaandeelpriese styg ook steeds – nie so stewig as in 2016 nie, maar steeds teen 'n geloofwaardige 0.5% in April. Teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse kabinetskommeling en die ontslag van Pravin Gordhan as Minister van Finansies in Maart, sou min mense verwag het dat gelyste eiendom in April positiewe groei sou toon. 'n Portefeulje kan egter in hierdie sektor saamgestel word met 'n eenjaar-voorwaartse opbrengs van 9.6%, wat die bateklas relatief aantreklik maak op 'n opbrengsbasis.

Inflasie het teen die einde van Maart effens gedaal van 6.3% tot 6.1%. Die Reserwebank het die repokoers onveranderd op die huidige 7% gelaat. Voor die "Gordhan-gate"-sage is daar gehoop dat rentekoerse later vanjaar verlaag sou word, maar nou kan verbruikers rentekoersstygings in die nabye toekoms verwag. Soos wat koerse op vasgestelde inkomste stelselmatig opwaarts beweeg, bied dit 'n lewensvatbare alternatief tot risiko-bates. Gevolglik bied kontant 'n alternatief aan beleggers teen die agtergrond van duur aandelemarkte.

Die rand het skaars reageer op S&P Global se aankondiging dat Suid-Afrika tot sub-beleggingstatus afgegradeer word. Die geldeenheid het April effens sterker teen die Amerikaanse dollar afgesluit. Dit is hoofsaaklik omdat die Amerikaanse dollar teen die meeste van die belangrikste internasionale geldeenhede verswak het. Die geldeenheid het nou meer as 6% teenoor die Amerikaanse dollar teruggewin oor die afgelope jaar. Die rand het egter met meer as 7% verswak sedert dit teen R12.45 verhandel het aan die einde van Maart.

Ten spyte van die kredietafgraderings in April het plaaslike staatseffekte teen alle verwagting in 'n 1.4%-groei vir April gelewer. Daar is wyd verwag dat daar 'n skerp toename in Suid-Afrikaanse staatseffekte se opbrengs sal wees sodra die langverwagte kredietafgradering materialiseer. Op 'n eenjaar-grondslag is plaaslike staatseffekte die bateklas wat die beste presteer, met 'n opbrengs van 10.6% aan die einde van April. Omdat plaaslike staatseffekte aan beleggers 'n aantreklike nominale opbrengs bied, met die R186 teen 8.7%, het buitelandse beleggers voortgegaan om Suid-Afrikaanse staatseffekte te koop. Indien Suid-Afrikaanse staatseffekte egter uit die internasionale belêbare indeks sou val weens verdere kredietafgraderings, kan die vraag na plaaslike staatseffekte beduidend daal en kan dit lei tot 'n skerp styging in opbrengste.

Terwyl Amerika se korttermyn-rentekoerse in Desember 2016 en weer in Maart 2017 gestyg het, lyk dit asof die proses van die normalisering van rentekoerse langer gaan neem as wat aanvanklik verwag is. Amerikaanse staatseffekte bly 'n veilige hawe met die huidige opbrengs op die US 10-jaar tesourie op 2.28%. Die US 10-jaar generiese staatseffek het van 2.38% in Maart tot 2.28% in April verstewig. Ander internasionale staatseffek-opbrengste het ook in April laer geëindig, met die UK 10-jaar staatseffek wat van 1.14% tot 1.08% verstewig het en die Euro Zone 10-jaar generiese staatseffek effens laer van 0.33% tot 0.32%.

Vir enige verdere inligting of vrae rakende jou beleggingsportefeulje, moenie huiwer om CORE Financial Solutions te kontak nie.

Bron: <http://www.seedinvestments.co.za/wp-content/uploads/2017/04/2017-04-Seed-Market-Overview.pdf>

Vorberei deur CORE Financial Solutions.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188



Testamentbeplanning verg insig en kennis

Iemand wat 'n testament opstel, kan daarin slegs bemaak dit wat hy of sy besit (bates wat bevoorbeeld aan 'n trust behoort, kan nie bemaak word nie). Bemakings kan twee vorme aanneem: Spesifieke bemakings (ook legate genoem), waar die bates wat vererf en ook die erfgenaam spesifiek beskryf word en algemene bemakings, waar dit wat oor is, bemaak word (ook die restant genoem).

Sekere bemakings en wense moet goed deurdink word. Indien 'n erfgenaam insolvent is of gevaar loop om insolvent te word, vererf eerder die bates aan 'n trust vir die persoon en sy familie. Dit verhoed sy of haar skuldeisers om op die erfenis beslag te lê.

Vuurwapens en ammunisie kan slegs vererf na 'n meerderjarige met 'n toepaslike vuurwapenlisensie of iemand wat wel so 'n lisensie kan uitneem. Gevolglik kan kinders en trusts nie die pa se gewere erf nie. As die ma nie so 'n lisensie kan bekom nie, moet dit maar met iemand (bv. 'n familielid) vooraf gereël word om die erfenis onder sy lisensies te neem tot tyd en wyl die erfgenaam 18 jaar oud word. Daar behoort in so 'n geval 'n ooreenkoms gesluit te word wat bepaal dat die aangewese persoon die vuurwapens "in trust" hou, sodat dit nie vermeng word met die ander boedelbates van die persoon wat sodanige vuurwapens tydelik bewaar nie.

Sake-eienaars kan hul aandele of belange in 'n onderneming vererf aan hul familie, of verkoop aan hul mede-belanghouers by dood. Artikel 35 van die Wet op Beslote Korporasies beperk 'n persoon se bevoegdheid om met sy belang in 'n Beslote Korporasie te handel. Die mede-lede moet toestemming gee dat lidmaatskap oorgedra kan word na nuwe lede. Sonder toestemming is die eksekuteur gedwing om die belang te verkoop aan die oorlewende lede.


Ongebore kinders kan ook erf. So 'n erfenis word gewoonlik in trust bemaak aan die trustees, wat dit namens die kinders wat nog gebore gaan word, ontvang en bestuur.

'n Geestes-ongestelde persoon kan ook 'n testament opstel wanneer daardie persoon 'n helder oomblik beleef. So 'n helder oomblik kan van korte duur wees, of langer, afhangend van die geestelike skade wat die persoon opgedoen het. Om sodanige testament as geldig te verklaar, is dit raadsaam dat daar 'n mediese dokter teenwoordig is tydens die helder oomblik om te verklaar dat die persoon tydens die maak en ondertekening van die testament by sy volle positiewe was.

Waar 'n persoon voorheen geskei is en toesig en beheer oor die kinders gekry het en later sterf, sal die kinders altyd na die natuurlike ouer toe gaan, al bepaal die testament wie die voog moet wees.

Uit bogemelde kan afgelei word dat die opstel van 'n behoorlike testament nie net noodsaaklik is nie, maar dat 'n mens die proses om 'n testament op te stel met die nodige inligting en kennis moet aanpak. Laat weet gerus indien CORE Trusts & Estates van hulp kan wees.

**[Voorberei deur CORE Trusts & Estates.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**



Praktyknotas uitgereik deur die B-BBEE-kommissie

Die B-BBEE-kommissie is in die lewe groep om die implementering van die Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (Wet 53 van 2003 soos gewysig deur Wet 46 van 2013; hierna “die Wet”) te monitor, insluitend: die voorsiening van verduidelikende kennisgewings, nie-bindende raadgewende menings en verklarende dienste ten einde begrip van die Wet te verbeter.

Tot dusver het die B-BBEE-kommissie vier Praktyknotas uitgereik. Elk van die Praktyknotas bevat die volgende uiters belangrike stellings:

“Hierdie Praktyknota is uitgereik as ’n nie-bindende gids bloot om bystand te verleen met interpretasie ten einde konsekwentheid in die toepassing van die Wet te verseker.”

“Hierdie Praktyknota is nie ’n wetlike dokument of ’n bepaling van die B-BBEE-kommissie oor die betrokke kwessie nie. Voorts, hoewel hierdie Praktyknota nie bindend is op die B-BBEE-kommissie nie, sit dit wel die benadering uiteen wat die B-BBEE-kommissie waarskynlik sal volg in enige aangeleenthede verwant tot ...” (en spesifiseer dan die onderwerp van daardie spesifieke Praktyknota).

Die Praktyknota eindig dan meestal met ’n stelling soos:

“Alle verifikasiepraktisyns het ’n verantwoordelikheid en plig om entiteite van behoorlike raad te voorsien, insluitend die implementering van hierdie gids vir die bepaling van die B-BBEE-status van entiteite op ’n wyse wat die doelwitte van B-BBEE-wetgewing steun.”

“In terme van afdeling 130 (2) is ’n verifikasiepraktisyn, verkrygingsbeampte of enige amptenaar van ’n staatsinstelling wat bewus word van ’n poging tot enige oortreding van die B-BBEE-wetgewing) en wat in gebreke bly om dit aan te meld, skuldig aan ’n oortreding.” (Dit verwys dan na die strawwe wat opgelê kan word indien ’n persoon of entiteit skuldig bevind word dat hulle die Wet oortree het.)

Die bedoeling is dus duidelik: Die B-BBEE-kommissie verwag van entiteite onderhewig aan B-BBEE-nakoming, sowel as verifikasie-praktisyns om hierdie beginsels toe te pas, selfs al is die Praktyknota nie wetlik bindend nie.

Beginnels gedek deur die Praktyknotas

Vir die doeleindes van hierdie artikel word slegs kortliks verwys na die praktyknotas wat in 2016 uitgereik is.

Praktyknota 01 van 2016 – Die erkenning van derdeparty-verkryging

Die Kommissie het aangedui dat dit noodsaaklik is om die praktyk rakende die hantering van derdeparty-verkrygings-uitgawes toe te lig. In die Praktykgids word die voorbeeld van ’n reisagentskap genoem:



Die aanbeveling is dat slegs wanneer 'n derde party die kommissie wat dit ontvang as inkomste realiseer, die entiteit onderworpe aan meting die kommissiegedeelte (R 5k) van die verkryging teen die B-BBEE-sertifikaat van die derde party (B) kan "eis". Die koste wat die derde party aangegaan het (R 10k) moet teen die B-BBEE-sertifikaat van die werklike verskaffer (A) geëis word.

Praktyknota 02 van 2016 – B-BBEE-sertifikate vir EME's en QSE's

Die Gewysigde Kodes dui aan dat 'n EME met 'n jaarlikse omset van minder as R10 miljoen slegs op 'n jaarlikse basis onder eed sy B-BBEE-status moet verklaar of 'n CIPC-sertifikaat verkry wat hierdie status aandui. Hierdie Praktyknota berei verder uit op hierdie vereiste:

"Dit is egter belangrik om daarop te let dat, indien die bemagtigingstatus van die entiteit sou verander op enige tydstip nadat so 'n verklaring afgelê of sertifikaat van die CIPC ontvang is, die entiteit verplig is om die feit te openbaar wanneer sy B-BBEE-status aan enige persoon, of staatsinstelling bekend gemaak word. Die entiteit mag nie doelbewus 'n verklaring of CIPC-sertifikaat indien met verkeerde of vals inligting nie, aangesien dit gelykstaande is aan nie-nakoming van die Wet, en meened."

Praktyknota 01 van 2017 – Verhoogde erkenning vir EME's en QSE's deur toepassing van die gemodifiseerde deurvloei-beginsel

In terme van Kode-reeks 100 (Eienaarskap) mag 'n entiteit onderworpe aan meting die gemodifiseerde deurvloei-beginsel toepas om swart eienaarskap te bepaal. In so 'n geval moet die ketting van swart eienaarskap 'n deurvloei-vlak van deelname van minstens 51% hê. Dan, slegs een keer in die hele eienaarskapstruktuur van die entiteit onderworpe aan meting, mag sodanige swart eienaarskap hanteer word asof dit 100% is.

Die Kode verskaf ook 'n baie spesifieke definisie van wat as "51% swart eienaarskap" beskou word aan die hand van drie vereistes:

- 1) Swart mense moet minstens 51% van die uitvoerbare stemreg hê;
- 2) Swart mense moet minstens 51% van die ekonomiese belang hê; en
- 3) Die entiteit moet al die punte vir Netto-waarde verdien.

In hierdie Praktyknota verwys die Kommissie na 'n "uitsondering" tot die mate waartoe 'n entiteit onderworpe aan meting kan staatmaak op die gemodifiseerde deurvloei-beginsel om swart eienaarskap te bereken. Die Kommissie se mening, gebaseer op die doelwitte van die B-BBEE-wet, is dat die berekening van die 51% en 100% swart eienaarskap vir EME's en QSE's slegs gedoen mag word deur die toepassing van die deurvloei-beginsel. In praktyk beteken dit dat 'n EME of QSE nie die gemodifiseerde deurvloei-beginsel mag toepas in die berekening van sy swart eienaarskap ten einde 51% swart eienaarskap te behaal nie, en gevolglik dan ook nie die "outomatiese Vlak 2-vrystellingstatus" deur toepassing van die gemodifiseerde deurvloei-beginsel kan bereik nie.

’n QSE met 51% swart eienaarskap wat graag gebruik wil maak van die Vlak 2-vrystellingstatus moet dus ’n deurvloei-swart eienaarskap van minstens 51% hê. Dieselfde reël geld vir EME’s.

Nota: Die deurvloei- en gemodifiseerde deurvloei-beginsel sal in meer besonderhede bespreek word gedurende Core BEE se kwartaallikse webinaar op 29 Junie 2017.

Praktyknota 02 van 2017 – Toepassing van die 2007-Kodes van Goeie Praktyk

Dit is interessant dat die nuutste Praktyknota in Mei 2017 uitgereik is, maar dit raak ’n tydskwessie wat, volgens hierdie kennisgewing, reeds in Mei 2016 van toepassing moes wees.

Die Gewysigde Kodes het op 1 Mei 2015 in werking getree. Die Departement van Handel en Nywerheid het ’n Algemene Kennisgewing in *Staatskoerant* 38799 op 15 Mei 2015 gepubliseer waarin voorsiening gemaak word vir ’n oorgangsperiode vir die implementering van die Gewysigde Kodes. Volgens hierdie kennisgewing mag die ou kodes gebruik word vir alle B-BBEE-verifikasie met betrekking tot ’n finansiële jaareinde voor of op 30 April 2015 (*Staatskoerant* 29617 van 9 Februarie 2007); en alle B-BBEE-verifikasie met betrekking tot ’n finansiële jaareinde na 1 Mei 2015 moet uitgevoer word aan die hand van die Gewysigde Kodes, met die uitsondering van sektorkodes.

Normaalweg sal ’n verifikasie-agentskap ’n kliënt toelaat om jaarlikse finansiële state vir ’n periode van 18 maande na die einde van die finansiële jaar te gebruik. Byvoorbeeld: Indien die finansiële jaar van ’n entiteit onderworpe aan meting eindig op 28 Februarie 2015 (en dus voor 30 April 2015), sal dit normaalweg aanvaarbaar wees om die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015 vir B-BBEE-verifikasiedoeleindes te gebruik tot 31 Augustus 2016, op voorwaarde dat hierdie die mees onlangse finansiële state beskikbaar is in daardie stadium. Die gevolg is dus dat die entiteit aan die hand van die 2007-Kodes gemeet kan word.

Die Kommissie het egter nou aangedui dat die toepassing van die “ou Kodes” slegs toelaatbaar was vir B-BBEE-verifikasies wat gedoen is in die eerste jaar waarin die Gewysigde Kodes in werking getree het, wat beteken dat alle B-BBEE-verifikasies wat op of na 1 Mei 2016 gedoen is op die Gewysigde Kodes gebaseer moet wees, ongeag van die finansiële jaar, met die uitsondering van sektorkodes.

Hierdie Praktyknota het tot totale verwarring in die mark gelei en tans is daar onsekerheid oor wat die wetlike implikasies mag wees. Talle verifikasie-agentskappe het reeds hul kommer uitgespreek, aangesien dit mag beteken dat talle B-BBEE-verifikasiesertifikate onttrek sal moet word. ’n Verdere onvoorsiene gevolg mag wees dat entiteite onderworpe aan meting dalk sertifikate ontvang het van verskaffers wat sodanige status geniet het, in welke geval dit sal beteken dat sulke sertifikate ook onttrek sal moet word – gevolglik ’n sneeubal van sertifikate wat onttrek sal moet word.

Vir enige B-BBEE-verwante bystand, kontak asseblief die CORE BEE-span.

**[Voorberei deur CORE BEE
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**



Moenie oneerlik wees met jou versekeraar nie – hier's hoekom

Leuens, wit leuens of alternatiewe feite, dit maak nie saak wat jy dit noem of watter skakering van wit dit is nie, om oneerlik te wees met jou korttermyn-versekeraar is nooit 'n goeie idee nie, sê Soul Abraham van Mutual & Federal. Wanneer dit by versekering kom, probeer sommige kliënte die waarheid verbuig om sodoende hul waargenome risiko te verlaag. Om sekere sleutelfeite rakende jou bates of risikoprofiel van jou finansiële diensteverskaffer te weerhou, is nie raadsaam nie. “Ja, jy mag dalk aanvanklik 'n paar rand spaar, maar iewers langs die pad gaan dit jou inhaal,” sê Abraham.

“In die meeste gevalle slaag versekeraars daarin om foute vroeg uit te wys. Tydens die prosessering van aansoeke word besonderhede nagegaan deur gebruik te maak van verskeie en omvattende databasisse. Die weerhouding van inligting kan lei tot duurder premies of selfs dat dekking deur diensverskaffers geweier word,” sê hy. Indien aanvanklike wanvoorstellings later eers aan die lig kom of aan die lig kom wanneer 'n eis ingestel word, kan dit beteken dat jou dekking nietig verklaar word. Dit is basies bedrog. Buiten dat jy dan nie verseker is nie, kan daar ook potensiële regsgevolge wees.

Abraham sê om eise op te blaas vorm van die grootste bedrogsake in die plaaslike bedryf. Die Vereniging vir Spaar en Belegging Suid-Afrika (ASISA) het onlangs statistieke bekend gemaak vir 2015, wat aandui dat, hoewel die getal sake van bedrog en oneerlikheid gehalveer het van 8306 sake in 2014 tot 4381 in 2015, die gemiddelde waarde van hierdie eise beduidend toegeneem het. “Die kort en lank van die saak is dat jou polis nie sal uitbetaal wat jy verwag of om jou verlies bevredigend te dek indien die werklike waarde of toestand van jou sake, weens nalatigheid of doelbewus, nie duidelik gemaak is nie. Dit sluit in die onderwaardering van jou waardevolle besittings of om na te laat om aan te meld dat jou alarmstelsel stukkend is.”

Abraham sê as polishouer moet jy nie net eerlik wees met jou versekeraar nie, maar ook jou omstandighede en dekking voortdurend herevalueer. Dit is ook belangrik om die algemene beginsels van korttermyn-versekering te verstaan, sê hy. Mutual & Federal het die volgende raad vir potensiële en bestaande polishouers ten einde te verseker dat hulle volledige dekking geniet:

- Die assessering van jou risikoprofiel en die gepaardgaande premie en versekeringsdekking is gebaseer op die volle openbaarmaking van alle noodsaaklike inligting. Wees eerlik met jou feite wanneer jy versekering uitneem en bou voort op hierdie eerlikheid dwarsdeur die verhouding. Jy wil nie hê jou dekking moet nietig verklaar word wanneer oneerlikheid aan die lig kom nie.
- Jy kan nie iets verseker waarin jy nie 'n belang het nie. Byvoorbeeld, wanneer volwasse kinders weer by hul ouers intrek en hul eie bates saambring wat nie verseker is nie. Ongelukkig kan ouers nie die risiko namens hulle dra nie, maar kan wel hulle name op die polis insluit sodat hierdie bates ingesluit kan word.
- Die meeste mense het nie genoegsame dekking vir hul huisinhoud nie en die versekeraar kan jou penaliseer omdat jy onderverseker is. Dan word jy uitbetaal in terme van die gemiddelde waarde van die bates soos gestipuleer in die polis. Dit is belangrik om jou bates jaarliks te herwaardeer ten einde seker te maak jou dekking is voldoende. Jy wil nie hê daar moet 'n tekort wees wanneer jou bates vervang moet word nie.


- Die onus rus op jou om jou verliese te bewys. Hou bewys van aankope van waardevolle items, neem foto's van elke item in jou huis en hou rekord daarvan.
- Neem kennis van uitsluitings soos “geen waterskade”. Sommige versekeraars sluit waterskade aan 'n enjin uit.
- Wees bedag op veelvuldige bybetalings. Sommige polisse pas veelvuldige bybetalings toe, wat beteken dat daar bykomend tot jou standaard-bybetaling ook ander mag wees. Byvoorbeeld, vir jong of nuwe bestuurders wat nog nie 'n rybewys vir 'n bepaalde aantal jare het nie, kan bykomende bybetalings betaalbaar wees. Nog 'n voorbeeld is indien jy in 'n ongeluk betrokke is binne ses maande vandat jy die versekering uitgeneem het.

“Die belangrikste is om jou polis versigtig deur te lees. Indien daar iets is wat jy nie verstaan nie, vra jou makelaar of versekeraar om dit te verduidelik. Indien jy 'n klag teen jou versekeraar het, kan jy die Ombudsman direk kontak. Die rol van die kantoor van die Ombudsman vir Korttermyn-versekering is om 'n onafhanklike, regverdige en goedkoop dispuutresolusie-diens aan die publiek te lewer. Jy kan die ombudsman kontak by 011 726 8900 of sharecall 0860 726 5501 of 'n e-pos stuur aan info@osti.co.za. Of besoek hul webtuiste by www.osti.co.za,” sê Abraham.

Vir verdere inligting kontak CORE Short-Term.

Bron: <https://www.fanews.co.za/article/short-term-insurance/15/general/1217/don-t-lie-to-your-insurer-here-s-why/22267>

**[Voorberei deur CORE Short-Term
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**



the future - **now**

the **CORE**
group



www.thecoregroup.co.za